

## Fanmail vir Breyten

Daardie jaar, pas na die klas,  
(ons het gehoor dat jy al op die rakke was)  
het ek jou Ysterkoei deur glas gewaar  
jou uitgestalde woorde deur die raam betas.

Daarbinne was dit knus.  
Tussen die boeke het die reuk  
van sweet en ink gehang.  
Die winkel was 'n lugballon,  
'n lamp, 'n Niet.  
Ek was getoor, ek kon dit hoor  
toe ek my Koei op skuld moes koop.  
Vol soos 'n uier  
het ek die groot geel boek gedra  
en onder eike wat van winter drup  
al langs die meulstroom af geloop,  
geswenk na "Sonop" om die hoek.

Simonsberg staan pril en pers  
– ek was nou by die laaste vers –  
terwyl die son met Breyten in my skoot  
vanuit die Ooste oor my kom.

En sedertdien hoor ek die mondmusiek,  
proe ek die asem in die Zen  
van Breytenbundels wat verlig  
deur winkelvensters wasem.

*Zandra Bezuidenhout*

### **Ontmoeting met b. b.**

Die maan merk die dag  
in 'n melk-reënboogbarokraam.  
Montagu: die Prof., die Beckettbrilman, die Voëlmán en sy vrou  
in die byna Spaanshuis met rooiklipvloere en krom mure.  
Wyn en eenvoudige fynkos  
berei in die binnekring van baiepraatmense  
in Afrikaans, Frans, Engels, en 'n bietjie Italiaans.

### **Hortjies**

Ek sit agter jou hortjies  
in die hart van jou venster  
agter jou strepies in die tronk.  
Ek speel nulle en kruisies  
met strepies in jou venster  
en wonder hoe jy dink.  
Ek drink tee en jy skink lyne.

“om 'n boek sonder woorde en grammatika te skryf”.

### **Meester Metafoor**

Meneer die Digter:  
jy wat altyd dwarsfluit speel met elke metafoor:  
voor-af, agter-af, onderstebo en bollemakiese.  
Nootvas beelde bou,  
skilder om elke lyn,  
ritmies inkanteer:  
vonk-pos, dig-pos,  
slakpos, praatpos, boek en doek.  
Jy láát ons verstom.

*Anne-Ghrett Erasmus*

## Karmawiel

Vanoggend droom ek van die Jesus-kind in die Lotusblom. Op ouderdom ses in 'n kinderensiklopedie sien ek 'n wesentjie in 'n ertjiepeul. Is dit gek

om Jesus en Boeddha saam te snoer?  
Hoe kom dit dat jong kinders lank voor begrip reeds 'n roepende stem hoor deur ou wyskede ontroer word?

Op 'n treinreis van Voorsienigheid terug na my rusplek in Tydelikheid sit ek neffens 'n rabbi sonder baard; hy vertel my hoe elkeen na sy aard

die goddelike in die lotusblom sien of mag glo aan Christus se bloed; solank ons net weet: uit hierdie gloed van Boeddha, Jesus, wieookal verdien

ons die wete, ek is verbind aan jou in denke, dade en gevoel. Soos jy geheg is aan my in denke, dade en berou: 'n draaiende karmawiel vir jou, vir my.

*Joan Hambidge*

## Die onbekende ontmoeting

Alexandrië, Egipte, 2007

Alexandrië –  
weëige naam  
wat so vroulik klink,  
uit die hoefyster van oorlog  
en sout gesmee  
tot 'n flikkerende halssnoer  
van wandelende strate op stelte,  
ingediep in die modder  
van geskiedenis en  
met uitreikende arms wat sterrestelsels  
pluk uit die blink branders.

Cleopatra is jy,  
geberg uit 'n asemteug  
terwyl gordyne vog van jou afval  
soos rinkhalsvelle.

Vrou, ek ken nie  
eens jou taal nie, maar op daai trappe  
in jou dwarreling van lappe,  
klim jy dieselfde  
sporte na onbetekenis-  
baarheid, as ek.

Antieke Los Angeles  
van die verskroeiende engele;  
gedroomde, uitgeweke Olimpos  
soveel mensliker as die oorspronklike;  
verbasterde, lieflike, Mediterreense Wene  
gesing deur die allerheiligste, die stilgemaakte  
"barbare" –

dáár die planetarium vol boeke,  
die juweel van herroeping,  
die geverfde duifeier  
in sy oogkas van die Oudheid.

Bruin wieg  
van roosblaar en pêrel  
is jy –

Jy kyk terug, en ek  
kyk vorentoe;  
hier in die skerwende  
hawe vir vertrekke,

waar verlore wêreldwonders  
en hangovers mekaar ontmoet  
raak ons mekaar skaars  
aan  
in die twee skadu's  
wat kruis.

*Charl-Pierre Naude*